



2 Oktober 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. GRAAD 9-VAKKEUSES

Die Graad 9-leerders is tans besig met vakkeuses. 'n Vakkeuse-webblad is beskikbaar by www.wonnies.co.za; volg net die skakel na *vakkeuses*. U sal ook daar 'n elektroniese vakkeusevorm ontvang wat d.m.v. *google forms* voltooi moet word. Onthou dat alle vorms teen **3 Oktober 2020** ingehandig moet wees.



2. GRAAD 12-LEERDERS: TERUG BY DIE SKOOL

Die Graad 12-leerders keer in die week van 5-9 Oktober terug skool toe. Dit is uiters belangrik dat die leerders in die tydperk skool moet bywoon. Alle vraestelle word hanteer en dit is juis die geleentheid waar leerders kan sien waar hul foute gemaak het, ten einde dit te herstel. Indien daar enige nasienfoute op die vraestelle is, is dit ook die geleentheid om dit reg te maak. Die Graad 12-leerders het nie Junie-eksamen geskryf nie en hierdie evaluering van hul punte is dus 'n uiters belangrike proses.

3. GRAAD 12 PRAKTIESE VAKKE: EINDEKSAMEN

Vanaf 6 Oktober begin die vakke met 'n praktiese komponent ook reeds met hul Finale Praktiese Eindeksamen. Op 6-9 Oktober doen die Visuele Kunste-leerders hul praktiese eindeksamen, waarna die ander praktiese komponente volg. Baie sterkte aan elkeen van dié leerders.



4. GRAAD 8-11 EINDEKSAMEN

Die Departement van Onderwys het 'n aanpassing gemaak aan die punte-verhouding vir die eindeksamen/eindtoetse. Die Hoërskool Wonderboom het egter aansoek gedoen om 'n volledige eksamen af te lê, binne die departementele regulasie. Die finale punte-verdeling sal soos volg werk:

Graad 10-11:	SBA (Jaarpunt): 60%	Eindeksamen: 40%
Graad 8-9:	SBA (Jaarpunt): 80%	Eindeksamen: 20%

Sommige ouers en leerders verkeer steeds onder die wanindruk dat leerders eenvoudig die jaar oorgeplaas gaan word na die volgende graad. Dit is glad nie waar nie! Die Hoërskool Wonderboom het genoegsame tyd vir onderrig in elke vak gehad. Leerders gaan dus volledig geassesseer word en op grond van dié assessering sal daar bepaal word of leerders slaag of druipe.

5. GRAAD 8 (2021)

Die beplanning volgens die departementele riglyne is dat ouers vanaf 1 Oktober SMS'e sal ontvang vanaf die departementele stelsel vir aanvaarding van plekke by Die Hoërskool Wonderboom. Ouers sal weer moet inteken op die aanlynstelsel ten einde dié plek te kan aanvaar. Die ouers sal slegs **SEWE** dae hê vir aanvaarding. Indien die ouer nie binne die sewe dae die plek aanvaar nie, sal die aansoek outomaties van die skool se inskrywingslys verwyder word. Kontak gerus die skool indien u enige onsekerhede het: admin@wonnies.co.za.




6. KLREBANK: TYE

Let asseblief op na die tye van die klerebank: Dinsdae en Donderdae – Vanaf 7:10 voor skool en pouse. Woensdae: Pouse en na skool tot 14:30.

Winnie-groete


M LEZAR
SKOOLHOOF

ADVERTENSIEBLAD



The advertisement features a portrait of a woman with a floral crown. Text on the right side reads 'Setsebi Training Academy' and 'Full Time & Part Time'. At the bottom, it says 'Become a HAIR STYLIST and BEAUTY THERAPIST'. Below that, it mentions 'SETA & QCTO Accredited Nr 14032'. At the very bottom, there are contact details: an email icon for 'info@setsebiacademy.co.za', a phone icon for '083 304 0840', and a location pin icon for 'Wonderboom, Pretoria'.